



Bron
nr.
0 0 3 5

Datum
17/01/2003

Onderwerp
nr.
0 8 6

Knipsel
nr.
1 1 1 2 A

Beeld

Jg..... Nr.....

P. 2

Dat.....

JAN 1997

Watter vooruitsigte daar vanjaar vir die ekonomie is

'n Tydperk van konsolidasie is onvermydelik

Die jaar 1997 gaan die jaar van die groot bleg wees, skryf dr. Japie Jacobs, 'n voormalige senior vise-president van die Reserwebank. In die berig hierby gee hy sy siening van wat vanjaar voorlê. Dr. Jacobs is deesdae 'n konsultant in die geld- en kapitaal-markafdeling van die makelaarsfirma De Witt, Morgan en Kie.



1996 is geskiedenis. Nou is 1997 voor. Die jaar van die groot bleg.

Die einde van dié een loer reeds ook om die draai. Die projeksie (van die Regering) is dat die ekonomie dan teen 6% sal groei. Salige vooruitsig, veral omdat vanjaar nie so 'n voorspoedige jaar gaan wees nie. Die troosprys - 'n sagte landing. Onthou tjeks, vir diegene wat nog tjekrekeninge kan bekostig, moet voortaan 1997 gedatcer word.

Altesame 362 dae lê voor - wat gaan die verskillende staatsinstellings, die private sektor, georganiseerde arbeid en huishoudings in die algemeen daarvan maak?

'n Jaar van ekonomiese konsolidasie is onvermydelik. Verdere vordering moet gemaak word met die instelling van die Regering se makro-ekonomiese strategie, wat inderdaad beteken dat die land se strukturele vraagstukke aandag moet geniet.

Dit geld veral ten opsigte van die arbeidsmark en die betalingsbalans. Die wyse

waarop die ekonomie vanjaar bestuur word, het belangrike implikasies vir hoe hy aanstaande jaar gaan presteer. Die optimistiese ekonomiese projekties wat nou al deur sommige ekonome vir aanstaande jaar gedoen word, moet daarom met 'n knippie sout geneem word.

Suid-Afrika se betalingsbalansknelpunte moet opgelos word. Daarsonder is die gemiddelde jaarlikse groei-estatie van die ekonomie tot sowat 2,5% beperk en sal werkloosheid steeds 'n groter omvang aanneem.

Groter uitvoer en 'n netto invloei van kapitaal is dus nodig. Indien dié oogmerke bereik kan word, kan 1997 'n goeie jaar vir die Suid-Afrikaanse finansiële markte wees. Dit geld veral rentedraende effekte.

Die geskiedskrywer De Kieviet beweer dat Suid-Afrika se ekonomiese groei in die verlede gegrond was op politieke rampspoed en ekonomiese meevallers, soos die

TREFWOORDE

1. Nake Beeld

2. Jacobs J

3. Voorspelling

4. Ekonomie

5. Verwagting

6. Konsolidasie

7. ...

8. ...

9. ...

10. ...

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Bron
nr.
0 0 3 15

Datum
9/10/2003

Onderwerp
P.P.

Knipfel
nr.
1 1 1 2 B

Beeld

Jg..... Nr..... P. 2 Dat..... - 3 JAN 1997

Die bankkoers behoort vanjaar met 2 tot 3 persentasiepunte te daal. In dié verband is dit ook noodsaaklik dat die koers waarteen die banke krediet verleen, afneem.

Die heersende opbringskoerse op prima effekte bied nou uitstekende waarde. Bateportefeuljes sal vanjaar egter meer aktief bestuur moet word. 'n Afname in likwiditeitsvoorkeur word dus voorsien.

Voorts moet fiskale dissipline gehandhaaf word en moet die tekort voor lenings in die begroting vir 1997/8 tot 4% van die bruto binnelandse produk beperk word. Laasgenoemde lyk haalbaar.

Daar heers egter kommer in die finansiële markte oor die stygende skuld as van sommige plaaslike owerhede (wat tegnies bankrot is), openbare korporasies (soos die SABCO), die verliese op die Reserwebank se valutatermynhoek, ensovoorts. As die Regering Namibië se skuld kan afskryf, kan hy sekerlik hierdie skuld ook afskryf!

Afskryf beteken natuurlik dat die kwyteskelde skuld deel van die staatskuld word. Dit het die Regering eers later ten opsigte van Namibië ontdek.

Voorts lyk dit of daar in 1997, uiteindelik, vordering met privatisering gemaak sal word. Die privatisering van Aventura, Alexcor, Sun Air en Autonet, hoewel belangrik, is 'n beginseloogpunt, sal egter nie 'n groot uitwerking op die finansiële markte hê nie.

Dit is eers wanneer Telkom en Eskom aan die beurt kom, met moontlike buitelandse deelname, dat marksentiment positief daardeur beïnvloed sal word. Dit sal waarskynlik egter eers aanstaande jaar werklikheid word.

Die voorstel dat Sasria se reserwes of 'n groot deel daarvan, vir die delging van die staatskuld aangewend word, bied interessante moontlikhede. Maar dan moet die premies ingrypend verlaag word indien besluit word dat Sasria nog bestaansreg het.

Voorts moet verhoed word dat die inflasiekoers, ten spyte van die onlangse versnelling, weer vanjaar tot bo 10% styg. 'n Stabieler wisselkoers, met fiskale dissipline, sal help om dié oogmerk te bereik. Looneise sal in die komende jaar egter in toom gehou moet word.

ontdekking van diamante, goud, ensovoorts. Wat hy eintlik wou se is dat die ekonomie, ondanks swak regerings, nogtans vooruit gegaan het. Dit geld nog steeds.

Ons kan egter weer baat vind by 'n paar ekonomiese meevallers, al is dit bloot in die vorm van minder stakings.

Dit is opvallend welke positiewe uitwerking die oorsakelike van die ou na die nuwe jaar op die mens se geestesgesteldheid het. Die goeie reëns het ook daartoe bygedra. Gister se probleme lyk vandag nie meer so onoorkomelik nie. Daar heers 'n groot mate van afwagting en selfs optimisme in die finansiële markte – ten spyte van die vooruitsigte op 'n swakker groeijaar. Waarop is dit gegrond?

Vir eers is die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans besig om te krimp. Die effektiewe wisselkoers van die rand behoort daarom vanjaar meer bestendig te vertoon, wat ook tot gevolg kan hê dat buitelandse portefeuljbestuurders groter netto kopers van Suid-Afrikaanse finansiële bates word.

Voorts behoort rentekoerse in die algemeen te daal. Die normale rentekoerskurwe moet egter eers tot stand kom voordat 'n bulmark in die kapitaalmark ondervind kan word.

Die groot tekort in die geldmark verlede maand het meegebring dat daggeldkoerse tot meer as 18% gestyg het. 'n Aansienlike afname in die geldmarktekort is dus noodsaaklik voordat korttermynrentekoerse betekenisvol na laer vlakke kan beweeg – wat 'n verlaging in die bankkoers moontlik sal maak.

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10